

Diakritiese tekens

Hier is 'n handige wenk wat die lewe van skootrekenaargebruikers en Microsoft Word bietjie makliker kan maak. Dis 'n meer intuitiewe manier om spesiale karakters te tik as die omslagtige "Alt-137"-metode, en is ook lekker kunsie om jou vriende mee te beïndruk - veral dié wat laptops gebruik. Dit werk so:

In MS Word is dit moontlik om diakritiese tekens te maak deur Ctrl saam met die teken van jou keuse in te hou. Ctrl-^ (shift-6) gee bv. 'n kappie en Ctrl-: (shift-;) maak 'n umlaut. Enige letter wat daarna getik word, sal die betrokke tekentjie ophê. Alt-137 (ë) word dus vervang met Ctrl-:,e, Alt-147 (ô) met Ctrl-^,o, en so aan.

Ook nuttig is Ctrl-', ' wat die 'n se strepie gee, of dieselfde Ctrl-' saam met 'n vokaal om 'n akuit-aksent op te sit. Ctrl-` (links van 1) gee die gravis-aksent. Op hierdie manier kan mens verskillende kombinasies gebruik sonder om die afkortings vooraf te leer.

Dit verg bietjie oefening en 'n paar keer se vingerontknoping, maar die metode is vinnig om aan te leer en nog vinniger om te gebruik. 'n Volledige lysie kortpaaie (en ook die moontlikheid om nuwes te skep) is beskikbaar onder *Tools -> Customize... -> Keyboard...* (onder, langs die 'Close'-knoppie) -> *Common Symbols* (dis die heel laaste kategorie in die lys).

Alternatiewe sleutelbord

*Om te kry, hou Alt in,
gevolg deur syfers*

Á = 0193

â = 131

à = 133

á = 160

È = 0200

Ê = 0202

Ë = 0203

é = 130

ê = 136

ë = 137

è = 138

É = 144

Í = 0205

ï = 139

î = 140

ì = 141

í = 161

Ó = 0211

Ô = 0212

ô = 147

ö = 148

ò = 149

Ö = 153

ó = 162

º = 167

Ú = 0218

ü = 129

û = 150

ù = 151

Û = 154

ú = 163

Ý = 0221

ý = 0253

ÿ = 152

m dash = 0150